

24 Maart

**Skrifgedeelte: Jeremia 32 en 33
Fokusgedeelte: Jeremia 32:6-25**

'n Pand as bewys sodat jy sonder om te twyfel kan glo

Die Here gee aan Jeremia die opdrag om 'n stuk grond te koop terwyl die stad beleër word. Die Here self sê egter ook dat Hy die stad en die land aan die vyand gaan gee. Geoordeel aan die situasie in en om Jerusalem, is dit haas onmoontlik om te glo dat die Here hierdie land – waarvan Hy byna al die inwoners in ballingskap laat wegvoer het, die stede laat verbrand het en die konings in gevangenskap laat hou het – weer aan sy volk sou teruggee. Jeremia mag nie hieroor aan die Woord van die Here twyfel nie. Al sou die terugkeer van die volk ook hoe onmoontlik lyk, moet hy die Woord van die Here onvoorwaardelik glo. As bewys van die Here se belofte oor die terugkeer van die volk moet Jeremia nou vir hom 'n stuk grond koop en die dokumente veilig bêre. Jeremia het nou 'n eiendom wat hy weer na die ballingskap sal kan opeis. Net so word die opstanding, hemelvaart en wederkoms van onse Here Jesus Christus deur die hedendaagse kritici van die Bybel as onmoontlik afgemaak. Hierdie dinge raak die hart van die evangelie en gelowiges mag nie daaraan twyfel nie. Daarom is die liggaam van Jesus ons bewys in die hemel dat Hy ons tot Hom sal neem. As teenbewys gee Hy sy Heilige Gees om in ons te woon totdat Hy kom.

Sing: Psalm 51:5

Ds DL de Beer (Emeritus)